Skuilkrosies

Kleuterskool

5 November

**Toelatings- en taalbeleid**

**Toelatingsbeleid:**

Hierdie is 'n opsomming van die toelatingsbeleid soos saamgestel in oorleg met die Suid-Afrikaanse skolewet, Wet 84 van 1996.

Ouers van die kleuters moet hulle vergewis van hierdie toelatingsbeleid en onderneem om hierdie beleid te respekteer.

1. Skoolgelde word jaarliks bepaal en goedgekeur en is daarna wetlik afdwingbaar.
2. Inskrywingsgeld word jaarliks gehef en dit maak deel uit van die skoolgeld.
3. Ouers van kleuters moet onderneem om die skool te ondersteun in die toepassing van die gedragskode.
4. Die begin en einde van elke skooldag word geopen en afgesluit met gebed.
5. Indien 'n spesifieke graad (RRRR-RR) vol is, kry kleuters wie se ouers in die direkte voedingsgebied woon en werk, voorkeur.
6. Ouers en kleuters aanvaar die goedgekeurde taalbeleid van die skool.
7. Geen diskriminasie teenoor kleuters sal geskied op grond van geslag, ras, kleur, geloof, godsdiensoortuiging of kultuur nie.

**Taalbeleid:**

Hierdie taalbeleid is opgestel in oorleg met die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 en die Grondwet van Suid-Afrika, Wet nr. 108 van 1996 afdeling 6(1) – (5) Tale.

1. Skuilkrosies is ‘n enkelmedium skool (Afrikaans).
2. Aangesien die taalvoorkeur van die meerderheid kleuters en ouers op hierdie stadium Afrikaans is, geskied onderrig in Afrikaans (beginsel van moedertaalonderrig).
3. Afrikaanssprekende wettige voog:

   Dit is 'n vereiste dat die wettige voog van elke kleuter Afrikaans magtig moet wees. Dit verseker dat effektiewe kommunikasie en ondersteuning in die moedertaal plaasvind, wat die kleuter se leer- en sosiale ervaring verbeter.
4. Evaluasietoets:

   Elke kleuter sal 'n taalvaardigheidstoets aflê om sy/haar vlak van begrip en kommunikasie in Afrikaans te bepaal. Hierdie toets sal skriftelik wees en op 'n ouderdomsgepaste wyse uitgevoer word.

   Die evaluasie sal individueel met elke kleuter gedoen word om 'n akkurate assessering van die kleuter se taalvaardighede te kry. Die evaluasie sal deur die inskrywingspaneel oorweeg word as deel van die toelatingsproses.

Dié beleid is ingestel om te verseker dat alle kleuters in 'n veilige en taal-ondersteunde omgewing kan groei en leer.

Enige wysigings aan die taalbeleid van die skool kan slegs geskied nadat die wysigings behoorlik voorgelê is aan die ouergemeenskap (vergadering of skriftelik) en die meerderheid van die ouers hierdie wysigings goedkeur.

Groete,

Skuikrosies bestuur